higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4

8 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENRIGLYNE VIR EKSAMINATORS

1. Hierdie memorandum dien as 'n riglyn vir nasieners/eksaminators en is nie bedoel om absoluut of voorskriftelik te wees nie.

2. Die antwoorde wat in hierdie nasienriglyn verskaf word is dus nie omvattend nie en eksaminators/nasieners word versoek om hulle diskresie te gebruik wanneer hulle nasien.
   Antwoorde wat deur studente gegee word behoort ook binne die konteks geassesseer te word.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 Waar
1.1.2 Onwaar
1.1.3 Onwaar
1.1.4 Waar
1.1.5 Waar
1.1.6 Onwaar
1.1.7 Waar
1.1.8 Onwaar
1.1.9 Waar
1.1.10 Waar
1.1.11 Waar
1.1.12 Onwaar
1.1.13 Onwaar
1.1.14 Waar
1.1.15 Waar
1.1.16 Onwaar
1.1.17 Waar
1.1.18 Onwaar
1.1.19 Waar
1.1.20 Onwaar

(20 × 1) (20)

1.2
1.2.1 'n Ontwerp wat in 'n ronde sirkel is.

1.2.2 Die houtlyswerk rondom 'n venster- of deurraam.

1.2.3 'n Tegniek waarby twee stukke hout bymekaar gevoeg word deur die ente eenvoudig langs mekaar te plaas sonder enige besondere vormgewing ('shaping').

1.2.4 Beteken dat dit elasties is.

1.2.5 Verteenwoordig 'n standaard van uitnemendheid binne 'n tradisionele en lang gevestigde vorm of styl.

Copyright reserved

1.2.6 'n Plek, tipies 'n groot, diep put, waaruit klip of ander materiale verwyder word of verwyder is.

1.2.7 Gemaak in verskillende groottes en teksture van sagte, gewoonlik klankdigte materiaal soos hout, kurk, of metaal, en wat tipies op plafonne of mure aangewend word.

1.2.8 'n Drukpers waar die afbeeldings wat gedruk moet word, om 'n silinder gedraai word. Drukwerk kan op 'n groot aantal kleure gedoen word.

1.2.9 'n Soort muurpapier wat bestaan uit twee lae papier met houtvesel tussenin.

1.2.10 Ornamentele lyswerk rondom die muur van 'n vertrek net onderkant die plafon.

1.2.11 'n Vuur wat in 'n vuurkis ('firebox') of vuurput ('fire pit') gemaak word; in 'n kaggel.

1.2.12 'n Opening in die dak van 'n huis wat met deurskynende of deursigtige materiaal bedek is en wat ontwerp is om lig deur te laat, nie lug nie.

1.2.13 'n Mat wat bestaan uit baie kort vesels wat in 'n soort rugmateriaal ingebed is.

1.2.14 Vloerbedekking wat bestaan uit houtblokkies wat in 'n geometriese patroon gerangskik is.

1.2.15 Verf wat vryvloeiend en drupvry is en maklik is om te manipuleer terwyl dit met 'n borsel of as 'n sproei aangewend word, maar wat binne 'n kort tyd stol tot 'n jel.

(15 × 1) (15)

1.3
1.3.1 kreukel maklik
1.3.2 groter
1.3.3 informeel
1.3.4 'n Fransman
1.3.5 Katoen
1.3.6 nie-brandvas
1.3.7 uitholling
1.3.8 wye
1.3.9 kan nie
1.3.10 korter
1.3.11 klankdigte plafonne
1.3.12 gebosseleerde katoenvesel
1.3.13 anti-staties
1.3.14 Nie-vlambaar
1.3.15 ongesny gelaat

(15 × 1) (15)

1.4 1.4.1 E
1.4.2 C
1.4.3 F
1.4.4 H
1.4.5 G
1.4.6 A
1.4.7 I
1.4.8 J
1.4.9 B
1.4.10 D

(10 × 1) (10)
[60]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Hierdie vraag is oop en die student moet die regte keuses maak wat betref rustiger mure, 'n rustiger plafon en vloerbedekking wat gepas is. (10)

2.2 A. Louis XV1
B. Modern
C. Georgiaans
D. Louis XV (4 × 2) (8)

2.3 2.3.1 Chinese mat (1)

2.3.2 Agtergrond is eenvoudiger as die van 'n Persiese✓ mat en die rande is gewoonlik smal.✓ Kleure sluit in sagte graangeel,✓ asuurblou✓ en bloeiselpienk.✓ Hulle word geken aan hulle dominante agtergrondkleur✓ met patrone wat bloeisel-, diere- en religieuse motiewe insluit.✓ Rande is small en eenvoudig.✓ Moderne aanpassings is uit dinastiepatrone op vase, brons en sy.✓ (Enige 7 × 1) (7)

2.3.3 Hulle het growwer knoopwerk as oosterse matte✓ maar is goed gemaak en swaar.✓ Word gemaak van wol en sy✓✓ en het 'n sagte en fluweelagtige gevoel.✓ (Enige 3 × 1) (3)

2.3.4 Die pool is gedeeltelik teruggesny in dele van die ontwerp, wat dit die effek van beeldhouwerk gee. (1)

2.4 2.4.1 A. Persiese (asimmetriese) knoop, oop aan die regterkant
B. Turkse (simmetriese) knoop
C. Nie-geweefde mat/Pluismat
D. Brusselse Wilton-knoopwerk
E. Axminster-weefwerk (5)

2.4.2 A. Die Persiese knoopmat is ‘n tuisnywerheid in die dorpies en is handgeknoop. Die aantal knope bepaal die kwaliteit. ‘n Skering en inslag word vertikaal en horisontaal met die pool geweef en vorm ‘n lus met die naasliggende inslaggaring.

B. Die Turkse knoopmat is ook ‘n tuisnywerheid, wat deur die dorpenaars handgeknoop word. Dis dieselfde knoop as die Persiese knoop behalwe dat die een kant nie ‘n lus om die inslaggaring vorm nie.

C. Die pluismatte word teen ‘n hoë spoed deur masjiene geweef. Duisende naalde stik die garing deur ‘n vooraf vervaardigde rugmateriaal, waarna lateks en ‘n rug van gaasmateriaal aangewend word. Die pool kan ongesny bly, gesny word of ‘n kombinasie van albei.

D. Die Brusselse Wilton-matte word op ‘n Wilton-weefgetou geweef. Hulle het ‘n ongesnyde pool of ‘n luspool en ‘n effense riffeloppervlak. Hulle lyk netjies omdat die pool diggeweef is, en hulle is duursaam.

E. Die Axminster-mat moet diggeweef word om te voorkom dat die pool uittrek. Hulle wissel van goedkoop tot duur. Kyk na die agterkant om die kwaliteit te beoordeel. Die aantal riffies per sentimeter bepaal die digtheid van die weefwerk.

(5 × 3) (15)
[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Hoe om ‘n klein kamer met kleur groter te laat lyk.

- ‘n Wit plafon skep die indruk van ruimte.
- Gebruik koue, baie helder kleurskakerings soos ligblou, liggroen, liggeel.
- Gebruik monochrome panele of klein patrone op die mure.
- Die gebruik van spieëls laat ‘n kamer groter lyk en skep nuwe dimensies.
- Haal deure tussen vertrekke uit as dit onnodig is.
- Verwyder houtpanele op mure; dit laat die kamer kleiner lyk.
- Verwyder muurpapier met groot en donker patrone wat steurend kan wees.
- Ligte kleure in ‘n kamer reflekteer meer lig, daarom gee dit ‘n gevoel van energie en optimisme.
- Gebruik volvloermatte of ligte teëls.
- Gebruik ‘n eenvormige ligte kleur op die mure en vloer.

(Enige 5 × 1) (5)

3.1.2 Hoe om ‘n groot kamer kleiner te laat lyk.

- ‘n Groot ruimte kan verklein word deur warm, donker en sterk kleure op mure te gebruik.
- ‘n Lang kamer kan feitlik deurgesny word deur die verste muur in ‘n donker skakering of warm kleur te verf, wat die mure opties nader bring.
- Gebruik verskillende kleure vir mure (kombineer komplementêre kleure of gebruik ‘n harmoniese kleurskema).
- Gebruik groot patrone op die muur of muurpapier of ‘n kombinasie van verskillende materiale en patrone.
- ‘n Mat laat die kamer ook opties kleiner lyk.
- As die plafon hoog is verf dit in ‘n warm kleur; die optiese effek is dan groter. (Enige 5 × 1) (5)

3.2

- Brandtraag
- Baie sterk
- Bestand teen weer en son
- Nie-absorberend
- Bestand teen chemikalieë en insekte
- Laat vullis en stof maklik los
- Kan met chloorbleikmiddel gebleik word
- Word nie maklik gekleur nie
- Nie baie slytbestand nie
- Nie baie alkali-bestand nie
- Die wasproses kan dit maklik beskadig (Enige 10 × 1) (10)

3.3

- Mure beskerm en bied privaatheid.
- Mure bepaal die spesiale verhoudings binne ‘n tuiste.
- Hulle het ‘n uitwerking op lig, hitte, klank en kleur.
- Hulle tekstuur en behandeling skep atmosfeer in elke vertrek. (4 × 2) (8)

3.4 Die student besluit wat die beste sal wees, maar moet die saak beredeneer en die dame oorreed om sy/haar besluit te ondersteun ten opsigte van wat die beste sal wees.

Beredeneer die volgende:
Die koste van elkeen
Die effek en atmosfeer wat geskep word
Watter een is meer veelsydig
Die aanwending van elkeen
Die verwydering daarvan op ‘n later stadium
Toepaslikheid vir die area waar dit aangewend word
Die duursaamheid van die papier of verf (12)

3.5 Fineer verwys na dun skyfies hout, gewoonlik dunner as 3 mm, wat tipies op kernpanele geplak word om plat panele soos deure, oppervlakke en panele vir kaste, blokkiesvloere en dele van meubels te vervaardig. Laaghout bestaan uit drie of meer lae fineer, wat elkeen reghoekig met sy grein aan naasliggende lae gegom word vir sterkte. Fineer word verkry deur óf die boom se bas te 'skil', óf groot reghoekige blokke hout wat as 'fitches' bekend staan, in skywe te sny. Omdat fineer gemaak word van dun lagies hout wat opmekaar geplak word, is die kans kleiner dat dit sal splits of bars. Verder bied die gom addisionele sterkte wat die eindresultaat sterker maak as natuurlike hout. Kan in geboë areas of meubels gebruik word.

Sommige projekte wat met houtfineer gebou word, sou nie met soliede hout gebou kon word nie as gevolg van die uitsetting en saamtrekking wat deur temperatuurwisseling en humiditeit veroorsaak word. Nog 'n voordeel van fineer is volhoubaarheid – meubels wat van houtfineer gemaak is gebruik minder hout as dieselfde meubelstuk gemaak van soliede hout. Verder is fineer moontlik meer geredelik beskikbaar as soliede hout, aangesien eksotiese hardehout skaars en baie duur kan wees.

Hergebruik en hernubaarheid: Hout het die minste impak op die totale energieverbruik, kweekhuisgasse, lug- en waterbesoedeling, soliede afval en die gebruik van ekologiese hulpbronne. Sewentig persent minder energie word benodig in die gebruik van hout vergeleke met ander boumateriale.

Volhoubaarheid: Die gebruik van fineer verleng die gebruik van 'n stuk hout. Die hout wat as een soliede stuk vir 'n paar sigbare sentimeter gebruik word, kan vir 'n baie groter area gebruik word wanneer dit as 'n fineer gebruik word.

Toksisiteit: Nie-toksies; fineer stoor koolstof en maksimeer ook die gebruik van aangeplante hout. (10)
[50]

VRAAG 4

4.1
- Te veel van een kleur; mens kan moeg raak daarvoor.
- Die skakering van die mure is te donker vir die grootte van die kamer; dit behoort pastelkleurig te wees, en verkieslik nie dieselfde geel as die res van die kamer nie.
- Die teëls op die vloer is ook te donker en kan vervang word.
- 'n Geskikte los mat op die vloer kan die kleur versag.
- Die gebruik van meer wit sal die geel laat uitstaan vir 'n vars voorkoms.
- Die witgeverfde plafon is korrek. (6)

4.2
- Beklemtoon die bevredigende proporsies van ‘n kamer.
- Kan swak proporsies in ‘n kamer regstel.
- Kan aantreklike patrone skep.
- Kan tekstuureffekte byvoeg.
- Laat ‘n kamer uitstaan en rond dit af.
- Bring individualiteit na ‘n oninteressante kamer wat geen argitektoniese kenmerke het nie.
- Laat ‘n kamer langer lyk as dit horisontaal geïnstalleer word.
- Laat ‘n kamer hoër lyk as dit vertikaal geïnstalleer word.
- Die saamvoeg van die mure en die plafon dien as ‘n seël vir stof en lyk afgerond.
- Die prentereling kan vir spieëls of skilderye gebruik word.
- Die dadoreling beskerm die muur teen stoelrugleunings en kan as ‘n lyn gebruik word om versierde areas te definieer.
- Die vloerlys steek die bymekaarkom van die vloer en muur weg.
- Plafonrosette gee karakter en definieer ‘n area waar ‘n kroonkandelaar of lig geplaas kan word. Ovaal of rond.
- Gevormde panele op die muur verleen aantreklike definisie aan die area en kan ook binne die paneelarea versier word. Maak dit dimensioneel meer interessant. (14)

4.3 Dit is ‘n oop vraag; die student kan harde of sagte vloerbedekking kies, en die keuses moet verduidelik word. Hulle moet die kinders in gedagte hou en die beste soort vloerbedekking kies wat maklik is om te onderhou met die oog op die kinders en hulle aktiwiteite. (10)

4.4
- Boogvensters
- Erkervensters
- Sonskermvensters
- Boogerkers
- Katedraalvensters
- Bobeukvensters (‘Clerestory windows’)
- Hoekvensters
- Dakkamervensters
- Dubbele glasdeur
- Skotvensters
- Jaloesievensters
- Beeldvensters
- Plaasvensters
- Bolig-vensters
- Skuins venster
- Skuifswaairaam
- Glasskuifdeure
- Swaairaam (‘Swinging casement windows’)
- Venstermuur (Enige 10 × 1) (10)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou